

# Dagstukkies

## NG Gemeente Wonderpark



Liewe Wonderparkers

Ek en Ernst gaan vir julle 5 dagstukkies per week epos in hierdie corona-pandemie tyd. Ons almal het ankers in hierdie tyd nodig om aan vas te hou. Die anker is ons geloof. Die stukkie is om julle geloof op te bou. Dit is baie eenvoudig en kort sodat julle dit met die gesin kan deel. Dit kan tydens stiltetye of huisgodsdiens gebruik word.

Die storm naby Turkye was onverwags; die golwe was soos reuse berge; die wind genadeloos. Die bemanning van die Engelse skip was angsbevange en die kaptein magteloos. Omdat daar geen hawe naby was nie, het die kaptein beveel dat een van die ankers laat sak moes word. Die wind het so fel gewaai dat dit die anker begin sleep het en dit kon nie 'n greep in die sanderige seabodem kry nie. Die skip het begin wegdryf. 'n Tweede anker is ook onsuksesvol laat sak. Die skip het al hoe nader na die kus begin dryf en die bemanning het besef dat hulle posisie gevaarlik was.

Daar was slegs een klein ankertjie oor en die kaptein, oortuig dat die ankertjie nie sal werk nie, het op aandrang van sy bemanning dit tog laat sak. Die ketting het styf getrek. Die kaptein was verbaas en die bemanning verlig. Gou het die skip stewig en stabiel geraak en te danke aan die klein ankertjie kon die skip die storm oorleef.

Toe die storm bedaar het en hulle die ankers moes ophang het die twee groot ankers maklik opgekom want hulle het nie aan die seabodem verstriek geraak nie. Hulle het egter gesukkel om die klein ankertjie op te trek en het getrek en getrek.



Uiteindelik het dit stadig stukkie vir stukkie opgekom. Iets het saam met die klein ankertjie opgekom. Dit was 'n ander anker. Die klein ankertjie was vasgevang in die ring van 'n anker van 'n groot oorlogskip wat jare tevore gesink het en dit was die rede waarom die klein ankertjie die skip so stewig vasgehou het.

Terwyl die klein ankertjie in die groot sterk greep van die oorlogskip was, het dit die krag van die groot anker gekry. Dit is ook so met ons geloof. Ons geloof mag klein wees, maar as dit in Jesus geanker is, sal ons geloof sterk wees.

Hierdie week gaan ons fokus op Jesus se sterwe en sy opstanding.

Liefde

Annelize en Ernst

**Maandag, 6 April**

**God laat Sy Seun sterf sodat ons kan lewe**

John Griffith was baie lief vir sy tienjarige seuntjie en het hom eendag saam na sy werk toe geneem. Hy was die operateur van die brug wat oor die Mississippi-rivier loop en hy moes die brug oplig en laat sak sodat bote onderdeur kon vaar en treine bo-oor kon ry.

Hy en sy seuntjie het hulle middagete op die rivieroewer geniet. Skielik het John besef dat die trein met 300 passasiers oor 3 minute oor die brug sou ry en die brug is nog nie laat sak nie. Hy het sy seun beveel om daar te bly en toe het hy die trappe op gehardloop en die hefboom gegryp om die brug te laat sak. Toe sien hy dat sy seun na die brug geklim het en tussen die ratte in geval het. John kon reeds die trein hoor aankom. Ontsteld het hy planne in sy kop probeer maak om sy seun daar uit te kry, maar hy



het gewet dat hy dit nie betyds gaan regkry nie want anders sal die brug nie betyds gesak kan word vir die trein nie. Hy moes 'n keuse maak tussen sy seun en die passasiers. Hy het toe die brug net betyds laat sak vir die trein om veilig oor te gaan maar dit het sy seun tussen die ratte vergruis. Soos die trein verby hom gery het, het hy 'n man in die trein gesien wat koerant lees en 'n vrou wat haar tee gedrink het.

John het ontsteld geskreeu: "Julle weet nie wat ek nou net vir julle gedoen het nie!" Hulle het hom nie hoor skreeu nie en sou nooit weet wat John vir hulle gedoen het nie.

God vra vir ons: "Weet jy wat Ek vir jou gedoen het? Ek het My enigste Seun 'n vreeslike dood laat sterf, sodat jy die ewigheid saam met My kan spandeer."

### **Dinsdag, 7 April**

### **Kruisiging**

1880. Ohio. Neil Johnson het geleef vir sy vrou en dogter. Hy was 'n goeie man met 'n vurige humeur. Eendag het hy en sy buurman met mekaar rusie gemaak. Die woordewisseling het buite beheer geraak en hulle het handgemeen geraak. Neil het sy buurman doodgemaak. Hy is skuldig bevind en sy vonnis was lewenslange tronkstraf.

In daardie tyd het 'n lewenslange vonnis beteken dat 'n mens nooit uit die tronk mag kom nie. Neil sou nooit weer 'n vry man wees nie. Neil het hom baie goed in die tronk gedra en die bewaarders en die mede-aangehoudendes het hom gerespekteer.

Die goewerneur het in daardie tyd die gewoonte gehad om elke Kersfees deur die tronk te stap en dan aan een man algehele kwytskelding te gee. Die aanbeveling het van die bewaarders gekom. Iemand wat lewenslank moes sit is nooit gesien as 'n moontlike kandidaat nie. Maar op 26 Desember 1892, 12 jaar nadat Neil in die tronk ingestap het, stap die goewerneur in en kondig aan dat Neil Johnson vrygelaat word.



Stilte volg op sy aankondiging. Niemand kom na vore om die kwytskelding te eis nie. Daarom kondig die goewerneur dit weer aan en weer volg net 'n stilte. Toe loop hy die gange af en gaan staan voor Neil se sel. Neil sit op sy bed met sy kop in sy hande en sê huilend dat dit een of ander fout moet wees.

Die goewerneur sit sy hand op Neil se skouer en sê: “Nee, seun, dit is nie 'n fout nie. Die kwytskelding is 'n werklikheid. Jy is vry.”

So het Jesus aan die kruis gehang met bloed wat oor Hom stroom om vir ons kwytskelding te gee.

Ek kyk na die kruis en sê: “Dit moet 'n fout wees.”

Jesus sê: “Nee my kind, dit is nie 'n fout nie. Jy is vry.”

## Woensdag, 8 April Opstanding

*Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie. Dit is immers vanwee hulle geloof dat daar oor die mense van die ou tyd met soveel lof getuig is.*

*Hebreërs 11:1-2*

In Hebreërs 11 lees ons van geloofsreuse. Martelare wat vir hulle geloof gesterf het. Helde wat geleef het deur hulle geloof. Die hele hoofstuk vertel hoe hulle in God geglo het en Hom vertrou het en vir Hom gesterf het. Maar as Christus nie opgestaan het nie was al hulle geloof nutteloos. Daar is geen Christendom sonder die opstanding nie. Daar is geen hoop sonder die opstanding nie.

Die opstanding is die hoogtepunt van die Evangelie. Ons redding en elke belofte oor die ewigheid is onlosmaaklik verbind aan die opstanding.



Die opstanding het geweldige implikasies. Almal van ons sterf een of ander tyd maar net Een het die mag gehad om uit die dood op te staan. Die opstanding is die hoeksteen waarsonder die gebou inmekaar sal tuimel. Dit is die spil wat alles bymekaar hou.

As Hy nie opgestaan het nie, het ons nie goeie nuus gehad nie. As Hy nie die dood oorwin het nie, het Hy nie die sonde oorwin en ons gered nie.

En as jy nie glo in 'n Opgestane Christus nie, is jou geloof leeg en waardeloos.

## Donderdag, 9 April Vrydag Opstanding

*Terwyl Hy dit sê, wys Hy vir hulle sy hande en voete. Toe hulle van blydschap en verwondering nog nie kon glo nie, sê Hy vir hulle: "Het julle hier iets om te eet?" Hulle gee toe vir Hom 'n stuk gebakte vis. Hy het dit gevat en voor hulle oë geëet.*

*Lukas 24:40-43*

Lukas gee drie bewyse dat Jesus opgestaan het uit die dood:

- Jesus het aan hulle verskyn en hulle kon Hom van nader bekyk en in detail sy wonde bestudeer en tevrede wees dat dit dié Jesus is wat hulle geken het en liefgehad het.

- Jesus het met hulle gepraat en hulle daarop voorberei dat Hy weggaan.

- Jesus het saam met hulle geëet. 'n Spook kan miskien baie dinge doen, maar nie eet nie. Jesus bewys aan hulle dat Hy sonder twyfel lewe.

Omdat Hy leef het ons 'n boodskap vir ons kollega wat besig is om te skei, vir die baie mense wat nou werkloos gaan wees, vir ons werkgewer wat baie siek is. En ons kan met vertroue ons boodskap



vir ander gee want ons het 'n Lewende Jesus. Wat 'n boodskap – Jesus leef! As ons die preke van Paulus en Petrus lees sien ons dat die hoogtepunt vir hulle nie Jesus se dood is nie, maar Sy opstanding. Daardie boodskap het die wêreld omgekeer. Christus wat uit die dood opgestaan het. Nog nooit het so iets gebeur nie. Ons aanbid nie 'n dooie Jesus nie.

**Vrydag, 10 April**  
**Donderdag**  
**God se liefde red ons**

In 1958 het 'n jong prediker, David Wilkerson, na die gevaarlikste deel van New York gegaan om die Evangelie vir die bendes daar, te bring. Hier het hy die bendeleier, Nicky Cruz, ontmoet.

Wilkerson het sy hand uitgesteek om Nicky te groet, maar Nicky het die uitgestrekte hand geïgnoreer en sy sigaretrook in Wilkerson se gesig geblaas. In 'n koue stem het Nicky gesê: “Gaan hel toe, Prediker. Kom naby my en ek maak jou dood!”

“Jy kan my in 'n duisend stukke kap en al die stukke langs mekaar op die straat neerlê en elke stuk sal steeds uitroep dat God jou liefhet,” het Wilkerson gesê, maar by homself gedink: *daar is geen liefde op aarde wat hierdie wrede man kan bereik nie.*

Wilkerson was reg – geen liefde op aarde kon hierdie kind van Satan bereik nie. Nicky se ma was 'n heks wat hom vroeg in sy lewe aan Satan gegee het. Maar God se liefde het Nicky bereik. Na 'n dag of twee het hy sy hart vir die Here gegee en die jong bekeerling is na 'n Bybelskool gestuur voordat hy met 'n bediening onder bendes begin het. Nicky Cruz se uitreike het binne 5 jaar 120 sentrums in Amerika en 90 in ander dele van die wêreld gevestig en miljoene tieners het as gevolg van hierdie bediening hulle harte vir Jesus gegee.

Nicky het later gesê: “God se liefde het my gered. Die liefde wat ek in David gesien het.”

